# Afrikaner Verklaring

**15 April  2024 (hierdie verklaring het ‘n embargo tot Saterdagaand 20 April om 23:59)**

## Agtergrond

Afrikaners is ’n inheemse kultuurgemeenskap in Afrika. Ons mense en ons geskiedenis is hier en daarom wil ons ook werk vir ’n vry, veilige en voorspoedige toekoms vir ons nageslag hier aan die suidpunt van Afrika. Ons wil in ’n gees van wedersydse erkenning en respek met ander gemeenskappe in Suid-Afrika praat en werk om oplossings te kry vir die veelvuldige krisisse wat ons almal se toekoms bedreig. Ons wil ook graag ’n bydrae lewer tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Afrika.

Ons besef dat hierdie land ’n komplekse verlede het. Daar was in die geskiedenis ernstige konflikte tussen gemeenskappe, en Afrikaners bejeën swart mense se ervaring van die verlede met erns. Die krisis in die land so ernstig dat ons visie vir die toekoms sterker sal moet wees as ons geheue van die verlede. Ons moet steeds van tyd tot tyd in die truspieël terugkyk, maar ter wille van vooruitgang sal ons die reis na die toekoms net suksesvol kan aandurf as ons vorentoe deur die voorruit kyk. Ons mag nie toelaat dat ons in die hede so heftig oor die verlede twis dat ons die toekoms vernietig nie. Daarom moet ons bou op die voorbeelde van goeie verhoudinge en samewerking wat in die verlede tussen verskillende groepe bestaan het.

Daar word gevra wat Afrikaners benodig om blywend vry, veilig en voorspoedig saam met ander gemeenskappe in Suid-Afrika te kan leef sodat ons ook ’n volhoubare bydrae tot die welstand van ander gemeenskappe hier aan die suidpunt van Afrika kan lewer.

Die bondige antwoord hierop is dat ons normaliteit benodig, dit wil sê ’n normale samelewing waardeur ons ’n voorspoedige toekoms vir almal kan help verseker. Ons wil graag ons basiese uitgangspunte om so ’n normale samelewing te vestig, kortliks uitstippel.

1. **Afrikaners is ’n inheemse kultuurgemeenskap verbind aan Afrika**

   Ons het nie as Afrikaners na Afrika gekom nie. Ons voorouers het eeue gelede uit verskillende Europese lande hiernatoe gekom, maar ons het hier Afrikaners geword, lank voordat Suid-Afrika sy ontstaan as land gehad het. Ons taal en kultuur is inheems aan Afrika en nêrens anders nie. Ons het onsself, ons taal en baie van ons instellings na Afrika vernoem. Afrikaners is ’n self-gedefinieerde kultuurgemeenskap – ’n volk – en nie bloot ’n taalgroep of ’n rassegroepering is nie. Ons beklemtoon dat ons deur Afrikaans ook ’n taalverbintenis het met die meerderheid bruin Suid-Afrikaners, asook met ’n beduidende aantal mense uit ander Suid-Afrikaanse gemeenskappe. Ons respekteer hierdie ander Afrikaanse kulturele gemeenskappe en werk graag in alle toepaslike gevalle en sake met hulle saam. Ons kom uit ’n Christelik-Westerse tradisie en vertrou op God se beloftes van hoop vir die toekoms, veral in tye van nood. Die republikeinse ideaal het nog altyd sterk steun onder Afrikaners geniet, wat in die praktyk beteken het dat ons ons eie besluite oor onsself wil neem en uitvoer.

2. **Ons wil hier bly en bydra tot die welstand van die land en al sy mense**

   Ons is daarvan oortuig dat daar hier ’n toekoms vir ons is. Daarom wil ons die omstandighede help skep dat Afrikaners volhoubaar en voorspoedig hier kan bly. Dit sal ons in staat stel om ’n blywende bydrae tot die welstand van ander gemeenskappe te kan maak. Ons streef ook daarna om bande met die Afrikaner-diaspora te behou en hulle aan te moedig om betrokke te bly. Ons betreur dit dat van

ons volksgenote teen hulle sin moes wegtrek omdat hulle nie meer ŉ toekoms hier gesien het nie.

3. **Samewerking is in die belang van almal se vryheid, veiligheid en voorspoed**

Ons glo dat daar meer dinge is wat die land se gemeenskappe verenig as wat ons verdeel. Al deel ons nie altyd dieselfde sienings nie, deel ons kernbelange soos ŉ werkende land en ŉ gesonde samelewing waarin almal die geleentheid het om ŉ beter toekoms te bou. Ons is enersyds verbind tot die bou van ŉ hegte gemeenskap onder Afrikaners, en andersyds tot die uitbou van bande met al die gemeenskappe van Suid-Afrika om só ŉ voorspoedige lewe vir almal te help bewerkstellig.

Afrikaners is ‘n goed georganiseerde gemeenskap en sal graag die ruimte en geleentheid wil hê om ŉ bydrae te lewer om die krisisse waarmee Suid-Afrika tans worstel, aan te pak. Ons glo dat samewerking tussen gemeenskappe, eerder as politieke mededinging, die oplossing vir goeie rassebetrekkinge is.

4. **Ons bou om te bly**

ŉ Kultuurgemeenskap leef in en deur die instellings wat vir sy voortbestaan benodig word, en waardeur sy kultuur aan die volgende geslagte oorgedra word. Daarom bou ons aan ŉ kulturele infrastruktuur, leefruimtes, tuistes en instellings om hier in Suid-Afrika te kan bly. Die doel van hierdie kulturele huishouding is nie om onsself te isoleer nie, maar juis om dit moontlik te maak om saam met ander in suidelike Afrika te bly.

5. **Kulturele vryheid is ŉ voorwaarde vir demokratiese vryheid**

Die land se getallewerklikhede beteken dat ons lewens op elke gebied deur die demografiese meerderheid oorheers sal word as ons nie kulturele vryheid het nie. Dit geld selfs vir die mees grondliggende sake wat ons voortbestaan raak. Meerderheidsoorheersing ten koste van minderhede is nie demokraties nie. Demokratiese vryheid kan slegs bewerkstellig word indien kulturele vryheid as ŉ noodsaaklike voorwaarde vir ons voortbestaan verseker word.

Kulturele vryheid is terselfdertyd ŉ voorwaarde vir ons moedertaal, Afrikaans, om as ŉ volle funksionele taal voort te bestaan.

Die erkenning van kulturele vryheid in die gestalte van kultuurverwante regte en ruimtes is ŉ voorwaarde vir die gelyke genieting van ons individuele regte. Sonder hierdie erkenning weeg die individuele regte van die demografiese meerderheid swaarder as die individuele regte van kulturele of nasionale minderhede.

Ons kulturele instellings soos skole, universiteite, vakbonde en dergelike ander skep vir ons die tuistelike ruimtes wat ons in staat stel om ons kultuur uit te leef. Ons ervaring is dat hierdie ruimtes voortdurend polities aangeval en deur wetgewing en politieke beleid in die gedrang kom. Daarom wil ons deur interne kulturele outonomie en inspraak in die owerheid verseker dat ons blywende demokratiese kulturele vryheid kan geniet. Wanneer ons met vrymoedigheid deur ons eie instellings aan ons kulturele lewe kan deelneem, is dit vir ons makliker om uit te reik na ander gemeenskappe en op hierdie manier samewerking te bevorder.

6. **Ons onderskryf die gelykwaardigheid van alle gemeenskappe**

Ons onderskryf die gelykwaardigheid van alle gemeenskappe as die grondslag vir ons almal se deelname aan die groter mensdom. Ons sien onsself gelyk aan, en nie bo of onder ander gemeenskappe nie. Ons is geregtig op dieselfde regte, ruimtes en bevoegdhede as ander kultuurgemeenskappe, en dit sluit ‘n ’n kulturele gebied in. Dit is nie ’n vreemde eis nie. Die internasionale reg en die Grondwet van Suid-Afrika maak ook hiervoor voorsiening.

Ons onderskryf maatreëls om gelyke geleenthede vir almal te bevorder, maar ons verwerp die voortsetting van rassewette wat Afrikaners tot tweedeklasburgers aftakel en tot ongelyke burgerskap lei. Dit smoor ondernemende Afrikaners se vermoë en sluit hulle uit van die geleentheid om ’n bydrae tot die opheffing en ontwikkeling van die land en al sy mense te maak. Die misbruik van hierdie rassemaatreëls het in baie gevalle ook gelei tot die verswakking van die openbare sektor, openbare ondernemings en het selfs korrupsie in die hand gewerk. Die afskaffing van hierdie maatreëls sal die remme wat ekonomiese groei aan bande lê, help losmaak en tot die voordeel van die publiek in die geheel bydra. Rassewetgewing wat die klein persentasie Afrikaner-jongmense benadeel, maak geen verskil aan die groot meerderheid jong swart mense nie. ’n Rassebedeling is nie versoenbaar met ’n grondwetlike demokrasie, ’n werkende staat en ’n groeiende ekonomie nie.

## 7. Die verlede moenie ons almal se toekoms vernietig nie

Daar word gesê dat elke gemeenskap homself as die sentrum van die wêreld beskou en sy geskiedenis as die sentrale verhaal van die mensdom skryf. Dit geld ook vir die uiteenlopende geskiedenisbeskouings van Suid-Afrika se gemeenskappe, iets wat ons skerp kan verdeel. Ons erken die komplekse verlede en die nalatenskap van historiese konflik wat deels steeds voortleef. Ons betreur ook die feit dat inspirerende historiese voorbeelde van samewerking tussen gemeenskappe in Suid-Afrika vandag grootliks vergete is. Tog mag die verdelings van die verlede nie op so ’n manier voortgesit word dat dit ons almal se toekoms vernietig nie. Daarom moet ons bou op die historiese voorbeelde van samewerking wat tussen gemeenskappe bestaan, eerder as om te bly vaskyk teen die geskiedenis van konflik.

Ons kan nie die verlede verander nie, maar ons kan saamwerk om die krisisse waarmee ons vandag gekonfronteer word aan te pak. Ons kinders kan nie verwyt word vir wat voor hul geboorte gebeur het, terwyl baie regeringsleiers nie verantwoordbaar gehou word vir wat hulle vandag doen nie.

## 8. Die Grondwet erken die strewe na grondgebied

Soos enige ander gemeenskap is daar nie presiese eenstemmigheid oor wat ons gemeenskap vir ’n voorspoedige voortbestaan benodig nie. Desondanks bestaan die nodige demokratiese volwassenheid om nie dít waaroor jy verskil teen te staan nie. ’n Wesenlike deel van Afrikaners steun die demokratiese ideaal van interne kulturele outonomie in Suid-Afrika. Daar is ook ’n betekenisvolle groep wat ingevolge die republikeinse tradisie die standpunt huldig is dat kulturele vryheid sonder grondgebied sonder gronde is. Hoewel die ANC hierdie strewe al erken het, maak die regering dit in die praktyk baie moeilik om dit ten uitvoer te bring. Daarom word ’n politieke oplossing hiervoor benodig. Spesiale kulturele sones met ’n geografiese basis kan ’n deel van die oplossing hiervoor wees, byna soos die kulturele gebiede van ander gemeenskappe in die land.

Die Grondwet bied wel ruimte hiervoor, soos die voorsiening wat dit maak vir verskillende vorme van interne selfbeskikking. Geen nasionale minderheid het die

luukse om enige grondwetlike deur na groter outonomie self toe te maak nie omdat hy hom dan permanent afhanklik stel van die meerderheid.

9. **Eenheid in verskeidenheid**

Versoening en nasiebou mag nie verskraal word tot inlywing by die ANC of ons demografiese inlywing by die meerderheid nie. Die geskiedenis wys dat so ŉ benadering eerder ŉ polariserende kulturele herlewing ontlok. Ons glo dat die erkenning van verskeidenheid die beste manier is om nasionale eenheid te bevorder. Dit is die sleutel tot eenheid in verskeidenheid. Ons steun nie die idee dat versoening afhang van die aanvaarding van ANC-beleid nie omdat so ŉ eis grondliggend ondemokraties sal wees, en die gelykheid en menswaardigheid van mense sal aantas.

10. **Owerheidsinspraak**

Afrikaners word tans uitgesluit van openbare en kulturele inspraakstrukture, soos die erkende instellings van tradisionele gemeenskappe byvoorbeeld is. Daar moet kanale geskep word waardeur Afrikaners op nasionale vlak inspraak kan kry in sake wat ons gemeenskap en die land raak.

11. **Ekonomiese bemagtiging**

Dit is noodsaaklik dat die armoede, werkloosheid, misdaad en die dergelike ander ernstige maatskaplike knelpunte wat die land teister, beslissend aangepak word. Afrikaners wil graag ŉ bydrae lewer tot die ekonomiese bemagtiging van arm mense. Afrikaners glo dat daar lesse vir vandag te leer is uit die geskiedenis van die ekonomiese en kulturele opheffing van Afrikaners.

12. **Kultuurverdrag**

Vanweë ons posisie as ŉ permanente minderheid, is Afrikaners demokraties uitgesluit en sonder toegang tot die owerheid. Ons het geen ander kanale om met die regering te skakel behalwe as deur die howe, die media en openbare botsings nie. Dit lei tot konflik en ŉ verslegting van verhoudinge. ŉ Kultuurverdrag kan ŉ kanaal vir skakeling met die owerhede skep om knelpunte betyds te takel, ooreenkomste daaroor te bemiddel, en vertroue te herstel en op te bou. So ŉ verdrag behoort as minimum vereiste die bestaande kulturele regte en ruimtes in die Grondwet en internasionale reg te herbevestig. Afrikaners se aansprake op en ons beklemtoning van regte en belange moenie in isolasie gesien word of as spesiale behandeling geag word nie. Ons vind aansluiting by die ruimte wat die Grondwet bied en ook by internasionale gevestigde konvensies wat regte aan kultuurgemeenskappe verleen en verpligtinge op state plaas. Dit sluit in die reg van ŉ kultuurgemeenskap om te bestaan; die reg op instellings waarin en waardeur hulle kan leef en waar kultuuroordrag kan plaasvind; die reg op die ontwikkeling van kulturele gebiede; en die vrystelling van onbillike rassebepalings wat die uitoefening van hierdie regmatige strewes kan dwarsboom.

Ons is van mening dat ons hierdeur ons standpunte gestel het, asook wat ons nodig het om hier voort te bestaan. Daarmee het ons ook ons bona fides as Suid-Afrikaners bevestig.

*Embargo tot Saterdag 20 April om 23:59*